# Thomas Morus 1478–1978

P S DREYER

Vanjaar (1978) vyfhonderd jaar gelede is sir Thomas Moore, beter bekend as Thomas Morus, gebore. Hierdie kort aantekening het die bedoeling dat dit nie ongemerk by ons in Suid-Afrika verby moet gaan nie.

Morus het aan alle Westerse tale 'n nuwe woord gegee, naamlik die woorde *utopia*. Die woord het die betekenis van 'n voorstelling of droombeeld van 'n ideale toestand wat nie verwerklik kan word nie. Die woord is die titel van Morus se boek *Utopia*, wat saamgeflans is uit die Griekse woorde *ou* = nie en *topos* = plek. Ons kan *Utopia* dus vry vertaal as *Nêrens*.

*Utopia* is 'n eenvoudige fantasie-verhaal van ene Raphael Hythloday wat saam met Amerigo Vespucci (na wie Amerika vernoem is) op laasgenoemde se ondekkingsreise gegaan het. Op die laaste van hierdie reise het Hythloday op sy eie voortgegaan en by die denkbeeldige staat *Utopia* uitgekom. Dan volg 'n beskrywing van hierdie staat. Eintlik is dit 'n ontwerp van die ideale staat en die bedoeling van die ontwerp is om 'n skerp kritiek op die Europa en veral die Engeland van Morus se tyd te lewer. So bepleit Morus op hierdie wyse byvoorbeeld die beperking van werksure, asook die werk van vroue en kinders; algemene onderwys, bekostig deur die staat; totale vryheid van godsdiens en 'n baie liberale, humanistiese voorstelling van godsdiens – alles uiters rewolusionêre gedagtes vir die tyd. Dit was trouens só rewolusionêr dat Morus die boek nie in Engeland durf publiseer het nie en dit het in 1516 in Leuven verskyn.

Hierdie tipe literatuur is kenmerkend van tye van diepgaande verandering, wanneer mense onder 'n diep besef leef dat die oue verbygegaan het en die nuwe besig is om aan te breek. Utopias word dan geskryf as 'n kritiek op die bestaande samelewing en 'n ontwerp van hoe die samelewing behoort te wees. So het Plato se *Politeia* verskyn in die tyd toe nie net Ahtene nie, maar die hele klassiek-Griekse wêreld besig was om in duie te stort en die Griek gedeeltelik met hoop en verwagting en gedeeltelik met vrees en bewing gekyk het na 'n onbekende toekoms. Plato se *Politeia* was die eerste utopia en het as inspirasie vir skrywers tot in ons eie dag toe gedien.

Die betekenis van Morus se *Utopia* is duidelik wanneer ons dit sien as teken van daardie tyd en as deelname aan die stryd van daardie tyd. In sy jeugjare is vir die eerste keer om die Kaap geseil en ook Amerika ontdek. Sy *Utopia* verskyn in 1516 in Leuven; in 1517 plak Luther sy beroemde 95 stellinge aan die kerkdeur in Wittenberg. Desiderius Erasmus is veertien jaar ouer as Morus en tree op as re-

dakteur vir die uitgee van die *Utopia* in 1516. Morus is 'n tydgenoot van Johannes Reuchlin en Nicolo Macchiavelli en vertaal die werke van Pico de la Morandola. Toe Morus in 1535 deur koning Henry VIII laat onthoof is, was die naam van Morus reeds 'n skynende lig aan die firmament van die nuut-ontwaakte Europa. Hy staan aan die begin van 'n eeu wat hom met eerbied onthou het en wat manne opgelewer het soos Kopernikus (wie se epogmakende werk agt jaar na Morus se dood verskyn), Kepler, Galileo, sir Francis Bacon (wat sy utopia onder die titel *New Atlantis* skryf),Campanella (sy utopia dra die titel *Civitas Solis* en is net soos *New Atlantis* deur *Utopia* beïnvloed), Descartes en baie ander. Dit is die eeu waarin die Kerkhervorming deurgevoer word, maar ook die eeu waarin die liberalistiese humanisme en individualisme sterk opbloei. Van hierdie liberalisme was Morus, net soos sy vriend Erasmus, een van die eerste groot leiers. Dit is ook die eeu van sosiale en politieke woelinge wat op die demokratiese regeringsvorm in Engeland gaan uitloop.

Ons eie tyd is weer by uitstek 'n gistingstyd. Die hele wêreld het 'n sterk bewussyn van die verbygaan van die oue en die aanbreek van die nuwe. Met gretigheid so goed as met angs word na die toekoms gekyk. Talle studies verskyn waarin gepoog word om op wetenskaplike wyse nie net te voorspel wat die toekoms gaan oplewer nie, maar die toekoms ook te beheer, sodat dit van so 'n aard sal wees soos ons dit graag wil hê. Hoe hierdie toekoms egter behoort te wees, is nog glad nie 'n uitgemaakte saak nie. Teen hierdie agtergrond is 'n nuwe wetenskap, futurologie, aan die opkom.

Juis ons tyd toon hoe geweldig Morus se invloed is: Vanaf die begin van die negentiende eeu verskyn talle werke wat deur Morus se *Utopia* beïnvloed is en wat 'n nuwe, ideale samelewing bepleit. Die bekendste hiervan is Saint Simon (1760-1825), Fourier (1772-1837), Cabet (1788-1856) en Proudhon (1809-1865). Al hierdie mense was filosowe wat hulle gedagtes met filosofiese werke propageer het. Naas hulle was daar die ryk sakeman Owen (1771-1858) wat 'n ideale sosialistiese samelewing eers in Engeland en daarna in Amerika tot stand probeer bring het.

Behalwe die filosofiese utopisme was daar ook 'n aantal werke wat net soos Morus se *Utopia* in roman-vorm die huidige samelewing kritiseer en 'n beeld van die toekoms probeer gee. Die bekendstes hiervan is Bellamy se *Looking Backward. The Year 2 000* wat in 1887 verskyn het, H G Wells: *The Time Machine* (1895), Huxley se *Brave New World* (1932) en Orwell se *1984*.

Die negentiende eeu was ook die eeu van die geboorte van 'n aantal ideologieë, waarvan die Marxisme en die Kommunisme die belangrikste is. Karl Marx self en die Kommuniste tot vandag toe verwerp die utopisme. Hulle maak daarop aanspraak dat hulle geen utopie verkondig het nie, maar 'n wetenskaplike sosialisme. Wanneer 'n

mens egter kyk na Marx se voorstelling van die toekoms (wat vandag nog vir die Marxiste en Kommuniste geldig is), dan sien ons 'n beeld wat niks anders as utopies is nie: Na die rewolusie van die proletariaat, waardeur die proletariaat die bewind oorneem, volg 'n tydperk van die diktatuur van die proletariaat. Hierdie diktatuur is noodsaaklik omdat die bourgeois samelewing totaal uitgewis moet word en die oorgang na die ware kommunistiese samelewing bewerkstellig moet word. Hierdie samelewing is die klasselose samelewing waar ware vryheid, reg en geregtigheid heers en waar elkeen werk na sy vermoë en ontvang na sy behoefte.

By sommige Westerse Neo-Marxiste kom die utopistiese trek baie sterk na vore. 'n Voorbeeld hiervan is Herbert Marcuse, 'n Marxis wat in baie opsigte radikaal van Marx afwyk. Hy oefen 'n fel kritiek op die samelewing uit en verkondig 'n radikale en totale rewolusie. Wat die rewolusie gaan oplewer, kan ons nie in besonderhede voorstel nie, maar dit is 'n ideale staat van "love and play".

Reeds die utopiste van die negentiende eeu het hulle oog op die politiek gehad. Met die Marxisme, Kommunisme en Sosialisme het die utopisme in die twintigste eeu uiters ernstige praktiese politiek geword.

'n Religieuse utopisme neem talle vorme aan, hoofsaaklik van sektariese aard. Die religieuse utopisme vind sy aansluiting by die Christelike eindverwagting. Die bekendste voorbeelde is Thomas Müntzer, die Katare, die Anabaptisme, die talle chiliastiese bewegings van ons eie tyd en so meer. Ernstige teologiese aandag het die utopisme gekry in verskeie werke van Ernst Bloch.

So uitgebreid het die utopisme in die twintigste eeu geword dat dit self die voorwerp van ernstige en uitgebreide wetenskaplike studie geword het. Met reg kan gevra word of 'n mens die hedendaagse utopisme nog aan die naam van Morus kan heg. Op hierdie vraag kan ons antwoord dat die aansluiting by Morus in baie gevalle baie duidelik is. In ander gevalle kan ons ook met reg sê dat dit met Morus niks te doen het nie. Wat egter in alle gevalle geld, is dat Plato as die eerste en Morus as in ons tyd die effektiefste 'n bepaalde denkstruktuur in die Weste gebring het. Dit is die struktuur waar 'n ideale toekomstige samelewing as kritiek op die huidige bestaande samelewing ontwerp word. In Morus se dae was die tendens reeds daar om die ideale samelewing langs die weg van (dikwels rewolusionêre) politieke aksie te probeer verwerklik. In ons dae het die klem verskuif sodat die ontwerp van die ideale samelewing nie net 'n kritiek op die bestaande samelewing insluit nie, maar ook 'n program vir radikale rewolusionêre optrede.